

Wie is ek? – Job 38

Sondag 20 Junie 2021

Groet mekaar: Wat is jou gunsteling deel van winter?

Afkondigings & gebed

Lof & Aanbidding

Boodskap:

Kom ons wees gou 'n oomblik eerlik met mekaar. Dinge gaan vir meeste van ons nie goed nie. Meeste boere het net net gelyk gebreek die jaar, of dalk selfs met 'n agterstand geëindig. Of dalk is daar nog 'n paar betalings wat moet kom, maar hulle vooruitsig is ook nie wonderlik nie. Natuurlik het die res van die dorp nie ligter afgekom nie, want behalwe vir die oes wat maar op 'n manier almal raak, het COVID met al sy beperkings ook gemaak dat baie van ons veral finansieel regtig swaarkry. Die kerk is niks anders nie, julle het in die week of in die afkondigings gesien dat ons ook eintlik maar op die einde is.

Dan praat ons nie eers van die emosionele impak wat die tyd waarin ons lewe, op die wêreld het nie. Mense wat swaarkry met vryheid wat beperk is, mense wat in vrees lewe vir hulle eie of ander se gesondheid, en ja, mense wat al iemand naby hulle verloor het. Ek probeer glad nie om almal negatief te praat nie, maar ek dink tog nou is 'n tyd waarin ons moet realisties wees en eerlik erken teenoor mekaar: Dis *tough*. Ons mag dit maar voel, en ons mag dit maar sê ook.

//

Natuurlik is dit in tye soos hierdie moeilik om nie geloofsvrae ook te begin vra nie. Mens se geloof gaan baie vinnig terug na die teodisië vraagstuk toe. Die teodisië vraagstuk is: Hoe kan 'n God wat almagtig is en goed is, toelaat dat slegte goed gebeur? En ons kan in haakies bysit (met goeie mense). Dis een van die vrae wat ons onlangs by die belydenisklas bespreek het, en dis dalk 'n vraag wat jy in jou gedagtes, in jou stiltetyd of hardop teenoor iemand anders erken het in die laaste paar weke.

Ek kan hier staan en vir julle 'n lang verduideliking of apologetiek gee, maar die Here het 'n ander teks in gedagte gehad vir hierdie Sondag. Dis een van die Leesrooster tekste, ons lees vandag saam uit die boek Job, hoofstuk 38.

Maar voor ek hierdie hoofstuk lees, wil ek hê ons moet verstaan wie Job was, en wat presies gebeur voor ons op hierdie storie kom. Ons almal ken die begin en einde van Job se storie. Hy was 'n goeie mens, iemand wat reg gedoen het in God en mense se oë. Wat ons dalk nie weet nie, is dat die plek waar Job gebly het, Us, eintlik onbekend was. Net so ook is die naam Job nie eintlik 'n bekende Hebreeuse naam nie. So dalk is deel van die rede hoekom dit so is, juis omdat die persoon van Job nie eintlik die belangrikste deel van die storie is nie. Die punt is: Job was 'n goeie mens, om die waarheid te sê, hy word die enigste van sy soort genoem.

Toe is daar hierdie Hemelse gesprek tussen God en Satan waar hulle eintlik so half 'n wetenskap aangaan oor wat Job sal doen as hy alles verloor, en dan gebeur dit so dat God die Satan toelaat om alles by Job te vat. Dit begin by sy besittings, en omtrent op dieselfde tyd verloor hy al sy kinders

ook, en dan laastens verloor hy ook sy gesondheid. En in daardie tyd het jou gesondheid ook beteken dat jy nie tussen mense mag gekom het nie. So as ons baie eerlik is, dan is daar baie sterk ooreenkomste tussen wat Job beleef het, en wat ons vandag ook sien of self beleef.

Dan weet ons van Job se vriende wat met hom kom gesels, met raad en verduidelikings, en heeltyd sê Job dat hy eintlik onskuldig is. Dan kom dit op 'n punt waar Job se vrou vir hom sê: Vervloek net vir God dat dit kan eindig. Maar Job vervloek nie vir God nie, eerder sy eie geboortedag, en hy sê dit sou beter gewees het as hy nie gebore was nie. En dan weet ons van die einde, van Job wat alles en nog meer kry. Maar toe ons die storie geleer het in die Sondagskool, of op ander plekke waar ons dit gehoor het, het ons dalk 'n belangrike punt gemis in die storie: God se antwoord.

//

God kom na Job en sy vriende toe, en God begin deur hulle stil te maak met die vraag: "Wie is dit wat met dom vrae my besluite in twyfel trek?" Hierin verwys hy na Job se vriende, en Job self, wat als probeer om God se redes te verstaan. Dan sê God vir Job: "Maak jou reg vir 'n sarsie vrae wat in jou rigting kom wat jy moet antwoord."

En dan begin hier 'n lys vrae, en ek lees dit uit Die Boodskap vertaling uit, as dit dalk anders klink in jou Bybel.

Lees Job 38:4-38

En dit stop nie daar nie, in hoofstuk 39 gaan God verder, en op die ou einde vra God vir Job 64 sulke vrae, wat tot in hoofstuk 41 aanhou.

Hierdie vrae is natuurlik nie daar vir Job om te beantwoord nie. Dis retoriese vrae, iets wat baie algemeen gebruik was in Hebreeuse literatuur, en dis vrae wat gevra word nie om 'n antwoord te kry nie, maar eerder om 'n antwoord te gee. Of dalk meer akkuraat, om iemand tot insig te bring deurdat hulle eintlik klaar self die antwoord ken. En ons hoef nie heilig of baie slim te wees om die antwoord vir meeste van hierdie vrae te ken nie. "Was jy daar toe die aarde se fundamente gelê is?" Nee, natuurlik nie. "Wie het besluit hoe groot die aarde moet wees?" Net God self.

As ek Job was, of Job se vrou, of Job se vriende, dan sou die een ding wat ek die graagste wou hê, 'n antwoord wees! Verduidelik net vir my hoekom dinge so sleg gaan, dan kan ek dit verstaan en dit verwerk en dalk weer 'n bietjie gelukkig wees. Net 'n antwoord sal als oplos!

/

Dis presies ons probleem as mense. Ons dink dat as ons net genoeg kan verstaan, as goed net eers vir ons sin maak, dan kan ons die lewe geniet. Hoe meer ons verstaan, van die wêreld, van mense, van die Bybel, van God, hoe meer kan ons gelukkig wees of glo. Die groot probleem met hierdie manier van dink, is nie dat ons wil leer of oordink nie. Nee, daai is goeie goed! Die probleem kom eerder in die feit dat ons as mense dink ons kan enigsins vir God verstaan!

JD Greear, 'n Amerikaanse teoloog, het 'n boek geskryf met die titel Not God Enough, waarin hy sê dat een van die fundamentele probleme wat meeste mense, en dan nou spesifiek ook Christene beleef in hulle lewe en geloof, is die prentjie wat ons van God het. Hy sê as ons onself vasdraai in die teodiseë vraag, die vraag hoekom 'n goeie God slegte goed toelaat, dan kom ons tot stilstand by

die vraag of God regtig goed genoeg is. Maar Greear se argument is dat dit nie die probleem is in ons geloof nie. Ons twyfel lê nie in die feit dat ons nie God se *goedheid* raaksien nie, ons probleem lê in die feit dat ons nie God se *Godheid* raaksien nie.

Is God regtig *God* genoeg in jou gedagtes? Die probleem, sê Greear, is dat ons geneig is om te dink God is eintlik maar soos 'n mens, net 'n bietjie groter en bietjie sterker en bietjie slimmer. Dis nie God nie. As dit is jou God lyk, dan is jy nie besig met die God van die Bybel nie. God is nie iemand wat ons met woorde kan beskryf, of wat ons met ons gedagtes, selfs ons grootste verbeelding, kan vasvat of opsom nie. Ons woordeskat is nie genoeg om die grootheid van God te beskryf nie, en op geen manier kan ons menslike gedagtes vir God vasvang nie.

Sommer as 'n voorbeeld, weet julle hoeveel sterre daar in ons melkweg is? Niemand weet presies nie, maar daar word gepraat van 1 biljoen. Net in die melkweg. Die probleem is dat ons gedagtes eintlik nie nommers van daai soort kan vasvang nie. Maar kom ons stel dit in perspektief: wat het 1000 sekondes terug gebeur? Wie kan onthou? Dis so 17 minute terug, dalk kort na jy in die kerk ingekom het. (Nee, dominee, ek sit al meer as 'n uur en luister na jou). Nee, glad nie. Wat van 'n miljoen sekondes? Wie kan onthou? Dis so 11.5 dae terug. Amper twee weke. Wat van 'n biljoen sekondes? 'n Paar maande miskien? Dis amper 32 jaar terug. Net so voor Macaulay Culkin die eerste keer alleen by die huis gelos is in Home Alone. Ek self kan nie veel daarvan onthou nie, omdat ek net meer as 'n jaar oud was. Van julle het nog nie bestaan nie. Wat van 'n triljoen sekondes? Dit vat ons terug na die jaar 29000 voor Christus. Toe Riaan Cruywagen die eerste keer op TV verskyn het.

So daar is 'n biljoen sterre in die melkweg. Daar is vermoedelik 100 triljoen sterrestelsels, waarvan ons weet. Die gemiddelde ster is eintlik groter as ons son, maar kom ons vat die Son as ons verwysing. Daar pas 1.3 miljoen aardes in die son. En ons aardbol weeg omtrent so 6 triljoen triljoen kilogram. Van daai gewig is die gemiddelde mens so 60kg, so dis 100 biljoen triljoen mense. Ek sal dalk op 'n goeie dag my eie gewig of effens meer kan optel, dis dit. God skeep alles met 'n woord. Wie is ek om myself met Hom te vergelyk?

//

En nog steeds sal ons twyfel. Ons twyfel, want goed lyk nie altyd soos ons dink dit moet nie. Goed maak nie altyd vir ons sin nie. En ek troos myself daaraan dat die mense in die Bybelse tyd nie veel beter af was nie. Abraham gaan in Egipte in, en met God se belofte vir 'n nageslag, dan lieg hy nog steeds oor Sara wat sy vrou is en sê sy is sy suster, omdat hy bang is. Of Dawid, die vriend van God, wat in Psalm 89 skryf dat God hom verlaat het, dat hy nie vir God hoor nie, en dan eindig die psalm daar. Nie een wat ons baie in die kerk sing nie, kom ons wees maar eerlik. Of wat van die dissipels? Na alles wat hulle gesien het in Jesus se lewe, na hulle sy opstanding gesien het en nog 40 dae saam met Jesus spandeer het, dan kom hulle op die plek waar Jesus opgevaar het, en waar Hy opgaan na die Hemel toe, dan sê Matteus 28 dat van hulle nog steeds getwyfel het. Dit troos my, maar dit maak my ook bang!

Hoekom twyfel hulle? Want goed lyk nie soos hulle gedink het dit moet nie. Hulle was nie reg vir Jesus om weg te gaan nie, want hulle het nog steeds verwag dat die Romeine en die Fariseërs en die oneerlike Herodes weggevat sou word, sodat Israel kan vry wees. Dis nie wat God se bedoeling was nie, en dis ook nie die storie van Job nie.

Ons moenie die fout maak om te dink dat die storie van Job eintlik gaan oor die feit dat God sy rykdom en sy familie herstel het nie. Nee, in teendeel, eintlik sou die boek kon eindig voor daai laaste halwe hoofstuk. Die boek Job gaan nie oor 'n enkele mens se lewe en se rykdom nie, dit gaan oor die mensdom se besef van wie God is, en wie ons is.

//

Wanneer ons sien hoe groot God regtig is, dan kry ons 'n nuwe perspektief op hoe klein ons probleme eintlik is! Wanneer ons besef wie God is, waartoe Hy in staat is, dan word ons gevul met 'n heilige vrees vir God, nie bang nie, maar met ontsag vir 'n God wat so groot is, so God is, dat ons niks anders kan doen as om soos Job in 39:36 te sê: "Ek is eintlik niks!", of soos Jesaja: "Dit is klaar met my, ek is onheilig" of soos Petrus vir Jesus sê: "Ek is 'n sondige mens". Wanneer ons vir God sien vir wie Hy is, dan verdwyn elke liewe probleem of vraag uit fokus uit, want God se glorie sal elke draadjie van ons bewustheid vul!

Is jou God *God* genoeg? Dalk is jy, soos Job, die laaste paar weke, maande, jare selfs besig om te soek na antwoorde. Antwoorde vir hoekom jy finansiële swaarkry, vir hoekom jy iemand moes verloor, vir hoekom jy alleen is of alleen voel, vir hoekom die lewe net nie sin maak nie, terwyl dit wat jy eintlik nodig het nie 'n antwoord is nie, maar 'n openbaring van God is. En wanneer jy God raaksien vir wie jy is, en God se oneindige krag en heiligheid jou in die stof laat val oor hoe klein en vuil ons self is, mag jy dan ook die Here se stem hoor wat sê: "Moenie bang wees nie, ek is by jou. Ek is met jou, jy is My kind!"

//

Satan het gedink hy kan vir God uitoorlê deur mense te teiken. Maar God gebruik dit nie net om Job se geloof te bou nie, of sy vrou of sy vriende s'n nie, maar 3/4000 jaar later gelowiges reg oor die wêreld s'n ook. Dit wat vir ons na donkerte lyk, omdat ons nie genoeg kan sien of verstaan nie, selfs dit kan God gebruik vir Sy oorwinning. En nêrens is dit duideliker as by die kruis self nie. Dit wat vir die mensdom die donkerste van dae was, was juis die dag wat God Sy grootste oorwinning behaal het!

/

Ek kan nie vir jou sê hoe jou lewe gaan lyk oor 'n jaar of 5 of 10 nie. Ek kan nie vir jou belowe jy gaan ook 7 keer terugkry wat jy gehad het, soos Job nie. Maar dis nie die punt nie. Die punt is eenvoudig: Weet jy, sien jy, wie God regtig is? Is jou God *God* genoeg?

Oordenkingslied: Hier is Ek

Slot: Nuwe Dinge